# Ontmoeting 39

# Elia en die Baälprofete

Daar is net een ware God en niks anders mag vir ons belangriker wees as Hy nie.

**Teks:** 1 Kon 18:16-46

**Hulpmiddels:**

- 24 kerse
- 2 houers om kerse regop in te laat staan
- Vuurhoutjies
- 'n Prys soos 'n pak marshmallows (opsioneel)
- Elia-video (beskikbaar op ons webblad)
- Klei
- Sosatiestokkies en nog marshmallows vir braai
- Kopieë van die werkkaart: "Die wedstryd"
- Kopieë van die werkkaart: "Omkring die regte antwoord"

## WELKOM

Sny 24 kerse middeldeur en laat hulle staan in 2 groot houers/planke met spykers. Sit die kerse stewig vas. Roep een van die ouer kinders vorentoe en laat hy 'n teenstaander kies. Hulle gaan kyk wie kan die meeste kerse met een vuurhoutjie aansteek. Die res van die groep word in 2 gedeel om die twee wat meeding, aan te moedig. Om dit regverdig te maak, maak seker dat jy al die kerse voor die ontmoeting aansteek en seker is dat hulle sal brand. Die wenner kry 'n pak marshmallows wat hy met sy span kan deel na die lesaanbieding.

## WYDING

**Temalied** en **stilword-ritueel** soos by ontmoetings 37 en 38.

## WOORD

Verlede keer het ons geëindig by die droogte wat nog oor die land geheers het. Na ongeveer 3 jaar het Elia opdrag van God gekry dat hy moes teruggaan Israel toe en met Agab gaan praat. Op pad paleis toe het hy vir Obadja, die paleisopsigter, in die veld gekry. Koning Agab en Obadja was juis weer op soek na Elia. Elia het hom gevra om vir Koning Agab te gaan roep. Hy wou dieselfde dag nog met hom praat. Obadja was baie bang, want Koning Agab het nou al 3 jaar lank oral na Elia gesoek. Sê nou net Elia is weer weg as hy met die koning terugkom? Maar Elia het belowe dat hy net daar sal wag.

Koning Agab was baie kwaad vir Elia, want hy het gesê dis Elia se skuld dat dit so sleg gaan met die land. Elia het aan die koning verduidelik dat dit nie sy skuld was nie, maar die koning en sy mense s'n. Agab en sy mense hou aan om dinge te doen wat die Here nie wil hê nie. Elia is net God se boodskapper.

Elia het vir Agab gesê: "Laat weet al die Israeliete dat ek hulle by die Karmelberg wil sien. Die klomp mense wat vir die god Baäl werk en hom aanbid én die wat vir die godin Asjera werk en haar aanbid, moet ook daar wees."

Agab het toe 'n boodskapper gestuur om almal bymekaar te laat kom.

Ek wonder wat gaan nou daar op die berg gebeur...

Onthou julle dat julle verlede keer 'n uitnodiging na vandag se byeenkoms gekry het? *(Deel die nuwe kaartjies uit aan die kinders wat nie een het nie en laat almal in 'n ry staan. Plaas 'n leier voor in die ry.)*

Julle gaan nou "Volg die Leier!" speel. *(Die leier kan hulle deur die vertrek lei, oor hindernisse en waar moontlik laat trappe klim. Laat hulle hul verbeel hulle klim teen die berg Karmel op. Maak denkbeeldige klimbewegings en vee kort-kort die sweet van julle voorkoppe af.)*

Die kinders kan na die vertrek gelei word waar hulle die video van Elia gaan kyk of hulle kan in die vertrek rondgelei word na die plek waar hulle na die video gaan kyk. *(As die aanbieder nie die video wil speel nie, kan die verhaal met dramatiese handgebare en stemtoonve-*

*randeringe vertel word.)*

*(Neem die kaartjies in voordat julle na die verhaal luister. Dit word weer by "werskaf" gebruik en as jy dit nie inneem nie, mag die kaartjies dalk papiervliegtuigies word.)*

Speel die "youtube videoclip" wat op ons webtuiste beskikbaar is.

Wanneer die video klaar is, sluit die aanbieder die storie af met die laaste paragraaf van die vertelling. ("Toe het Elia vir Agab gesê...")

**God teen Baäl – die vertelling**

Elia het vir die mense gevra: "Hoe lank gaan julle nog vat om te besluit wie regtig God is? Vandag moet julle kies tussen God en Baäl. Ek is nog die enigste een hier wat vir die Here werk. Daar anderkant staan die mense wat vir die afgode werk. Ons sal vandag sien wie die ware God is.

Ons kompetisie gaan nou so werk:

Bring vir ons twee bulle. Die priesters van die afgaode kan 'n bul kies en hom slag en opsny. Dan moet hulle die vleis op die plek sit waar hulle vir hulle god wil offer. Maar hulle mag nie die hout aan die brand steek nie. Hulle moet hulle gode vra om hulle vuur aan die brand te steek. Ek sal ook 'n altaar voorberei en ek sal die Here vra om myne aan die brand te steek. As een van die vure begin brand, sal ons weet wie regtig God is."

Die baälprofete het eerste kans gekry om die vleis reg te kry en toe het hulle begin bid: "O Baäl, steek asseblief die vuur aan!" Maar niks het gebeur nie. Hulle het die hele oggend lank gebid en gedans, maar dit het nie gehelp nie.

Teen twaalfuur die middag het Elia hulle begin spot: "Julle moet harder roep! Dalk is julle god met ander dinge besig en kan hy julle nie hoor nie!" Die hele middag lank het hulle geskreeu. Hulle het hulle selfs stukkend gesny sodat dit gebloei het. Alles was bedoel om Baäl en Asjera se aandag te trek, maar niks het gebeur nie.

Toe het Elia al die mense nader geroep. Hy het 12 klippe gevat en 'n nuwe altaar (vuurmaakplek) gebou. Daarna het hy 'n sloot rondom gegrawe. Eers het hy die hout bo-op die klipstapel reggesit en toe het hy die bul in stukke gesny en die vleis op die hout gesit. Maar dis nie al nie. Hy het gevra dat hulle nog twaalf emmers vol water oor die hout en vleis moes gooi. Dit was só nat dat die water tot in die sloot rondom die klippe geloop het. Almal was seker dat hierdie hoop nooit gaan brand as dit so nat is nie.

Teen die aand het Elia gebid: "O Here, U is Abraham, Isak en Israel se God. Wys asseblief vandag vir almal dat U die enigste God is! Wys ook vir hulle dat ek vir U werk en dat ek net doen wat U vir my sê. As U antwoord, sal al die mense weet dat U regtig die Here God is. Hulle sal weer in U glo."

Daar kom toe vuur van die Here af en verbrand alles. Nie net die vleis en die hout nie, maar ook die klippe en die grond het verbrand. Die water in die sloot rondom die kliphoop is ook deur die vuur opgelek. Alles!

Toe die mense sien wat gebeur het, het hulle op hulle knieë geval en gesê: "Die Here is regtig God!!"

Elia het al die mense wat vir die afgode gewerk het, laat doodmaak omdat hulle die Israeliete verkeerde dinge geleer het.

Hy het geweet dat daar net een ware God is en dat niks of niemand anders vir ons belangriker as God moet wees nie.

Elia het vir Agab gesê: "Eet en drink gou iets, want hier kom groot reën aan." Gou daarna was die lug vol donker wolke, die wind het begin waai en dit het begin reën. Die droogte wat so lank aangehou het, was uiteindelik verby!

***Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:***

1. Ek wonder wat jy maak as jy uitgedaag (ge-"dare") word om iets te doen.
2. Ek wonder watter goed in ons lewens is soms vir ons be-langriker as God.
3. Ek wonder of die Israeliete nou uiteindelik geleer het en sal onthou dat daar net een God is.
4. Ek wonder wat ons moet maak wanneer iemand God se Naam vloek of vir God slegsê.

## WERSKAF

- Marshmallow-braai met teekersies
- Deel weer die uitnodigingskaartjie uit. Hulle kan agterop die kaartjie skryf: Eksodus 20:2 en 3: "Ek is die Here jou God wat jou vrygemaak het. Jy mag geen ander gode hê nie."
- Gee vir hulle klei om hul eie altare te bou en die verhaal uit te speel.
- Die wedstryd: deel die storie uit vir die kinders om self te lees.
- Werkkaart: Omkring die regte antwoord.

**Gebed:**

**Laat die kinders dinge opnoem wat vir ons soms belangriker is as God – byvoorbeeld die verskonings hoekom ons nie Sondag kerk toe kon gaan nie. (Ek moet leer vir môre se toets; ek het gisteraand te laat televisie gekyk; ek neem deel aan 'n sportwedstryd, ens.) Is dié goed dan vir ons belangriker as God?**

**Ons gaan nou ons oë toemaak en vir God sê dat ons jammer is dat daar so baie dinge is wat so maklik vir ons belangriker word as Hy.**

**Of**

**Gee 'n paar oomblikke van stilte en sluit af met die woorde:**

**"Here, help my asseblief wanneer ander mense lelik is met my, my boelie of my spot dat ek nie moedeloos word nie. Ek weet dat ek baie spesiaal is vir U. Ek bid ook vir die mense wat boelies is of ander spot, dat U hulle sal help om te verstaan hoe verkeerd dit is en dat hulle daarmee sal ophou. Help my dat ek ook nooit ander sal boelie of spot nie."**

**Sluit af met die seënbede.**

**Jy word uitgenooi na 'n vertoning van**
**"BATTLE OF THE GODS"**
**vandag**
**net hier**
**nou**

## God vs Baäl

# Die Wedstryd

Sirkel die letter onder die woord "WAAR" indien die sin waar is.
Sirkel die letter onder die woord "VALS" indien die sin vals is.

| | WAAR | VALS | |
|---|---|---|---|
| 1. | G | C | Obadja het gras gesoek om vir die diere te voer. (1 Konings 18:5) |
| 2. | P | E | Obadja wou Elia seermaak. (1 Konings 18:7) |
| 3. | N | F | Elia het die Baal profete uitgedaag om hom te ontmoet by berg Karmel. (1 Konings 18:19) |
| 4. | B | A | Die wedstryd was om te sien wie die gouste 'n vuur kon aansteek. (1 Konings 18:24) |
| 5. | U | N | Elia het gesê dat die God wie antwoord met reën, is die ware God. (1 Konings 18:24) |
| 6. | D | R | Die profete van Baal het heeldag gebid, maar niks het gebeur nie. (1 Konings 18:29) |
| 7. | P | E | Elia het 'n altaar van hout gebou. (1 Konings 18:31,32) |
| 8. | A | G | Elia het vir die diensknegte gesê hulle moet olie op die altaar gooi. (1 Konings 18:33,34) |
| 9. | O | C | God het geantwoord deur vuur te stuur. (1 Konings 18:38) |
| 10. | D | E | Die mense het uitgeroep: "Die Here is God!" (1 Konings 18:39) |



**1 Konings 18:1-46**

In die spasie hieronder, vul in die letters wat jy gesirkel het in volgorde van 1 tot 10. Lees die boodskap wat die letters uitspel.

__ **E** __ __ __ __ __ __ **R** __ __ __

# God vs. Baäl

**Omkring elke keer die regte antwoord:**

1. Elia het gesê hy is ‘n _____ van God.

dissipel  profeet  leier

2. Elia het voorgestel dat God of Baäl _____ moet stuur.



weerlig

vuur

tornado

3. Hoe lank het die mense vir Baäl geroep?

heeldag tot die aand



tot 12:00 toe

vir ‘n maand

4. Hoeveel klippe het Elia gebruik om die altaar te bou?







5. Wat het Elia op die altaar gegooi om dit moeiliker te maak vir die vuur?



Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**

Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**

Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**

Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**

Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**

Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**

Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**

Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**

Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**

Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**

Jy word uitgenooi na ‘n vertoning van
“BATTLE OF THE GODS”
vandag
net hier
nou

**God vs Baäl**